# RAKER

Respek Respect
Authentic Oorspronklik
Kreatief Creative
Kommunikasie Communication
Entoesiasme Enthusiastic
Responsibility Verantwoordelikheid

## Sterre

BAIE GELUK AAN ANUSHKA JANSE VAN RENSBURG IN GRAAD 7 WAT ALGEHEEL SESDE IN DIE LAND GEËINDIG HET, TYDENS DIE SA-NASIONALE KAMPIOENSKAPPE WAT VAN 1 – 4 SEPTEMBER PLAASGEVIND HET. ONS IS TROTS OP JOU ANUSHKA!



MRP DOGTERS BLINK UIT!



### GIA MAAK GESKIEDENIS



GIA GREVELINK IS ONS EERSTE DOGTERS-GHOLFSPELER WAT UITGENOOI IS OM AAN DIE NOORD-GAUTENG GHOLFUITSPELE DEEL TE NEEM.
SY HET OOK DIE TROFEE VIR DIE BESTE VORDERING ONTVANG. ALHOEWEL SKOLE-GHOLF NOG BAIE SEUNS HET WAT DEELNEEM, SPEEL SY GEMAKLIK SAAM MET HULLE EN LAAT PARTY SEUNS GOED OP HUL NEUSE KYK. SY SPEEL VANDEESWEEK IN DIE TWEEDE EN LAASTE RONDTE. ONS WENS HAAR ALLE STERKTE TOE.

# Uit die Hoof se Kantoor

**FOKUS OP DIE UITKOMS, NIE OP DIE HINDERNIS NIE.**

Die jaar het verbygesnel met baie hoogtepunte en soms ook 'n uitdaging of twee. Ons is in die laaste pylvak en die einde is in sig. Baie sterkte aan elke leerder wat tans eksamen skryf, asook alle ouers wat hul kinders so getrou bystaan en ondersteun. Ons wens julle sterkte toe vir hierdie kort maar gewigte maand wat voorlê. As die eksamenspanning te hoog loop, lees gerus hierdie sêgoed oor eksamen:

*"Eksamen is die enigste manier om iets ten minste vir 'n paar dae te weet."*
*"Die aand voor die eksamen is soos 'n aand voor Kersfees - Jy kan nie slaap nie en hoop tog op 'n wonderwerk."*
*"Google, hoekom sit jy nie langs my tydens die eksamen nie?"*
*"Alles het perfek verloop toe kom die eksmanen."*
*"Geluk is die laaste sekonde van jou finale eksamen."*

**Onthou maar die resep vir sukses - Studeer terwyl ander slaap; werk terwyl ander ontspan; berei voor terwyl ander speel en droom terwyl ander wens.**



## SWEMKLINIEK

Neem asseblief kennis van die swemkliniek wat van 7 November tot 1 Desember, deur CENTURION SWIMMING & AQUA CENTRE by Midstream College aangebied word. Hierdie is die ideale geleentheid vir u kind om sy/haar swemvaardighede op te skerp vir die komende swemseisoen. Volg asseblief die onderstaande skakel vir inligting en inskrywings.

## RUGBY & NETBAL VOORSEISOENOEFENING

Ons moedig alle voornemende en huidige rugby- en netbalspelers, ouderdomme o/10 - o/12 (Gr. 4 tot 6) aan, om die volgende voorseisoen oefensessies by te woon:

| | | Rugby & Netbal | Rugby | Netbal |
|---|---|---|---|---|
| Donderdag | 10/11 | o/10 - o/12<br>10:30 - 12:00 | o/8 & o/9<br>12:00 - 13:00 | o/9<br>12:00 - 13:00 |
| Dinsdag | 15/11 | | | |
| Donderdag | 17/11 | | | |
| Dinsdag | 22/11 | | | |
| Donderdag | 24/11 | | | |

***TRUTH*: Kossakprojek**

## RIDGE HARMONICS (SNR KOOR)

Ons is baie opgewonde om 'n nuwe jaar saam met ons senior koor te begin!
Om seker te maak dat die jaar met sang begin, het ons 'n ope-oproep aan al ons sangsterre van graad 4 tot 7, om op 14 Januarie 2023 by ons aan te sluit.
As jy in 2023 by ons wil aansluit, al voorheen deel was van die koor en weer vir 2023 wil aansluit, of net wil uitvind waaroor die koor gaan, is jy welkom om die dag saam met ons te spandeer.

**WAAR: MRP-SKOOLSAAL**
**WANNEER: 14 JANUARIE 2023**
**TYD: 08:30 – 15:00**

Ons gaan nuwe liedjies leer, stemgroepe verdeel en hope pret hê.
'n Brief sal vroeg in 2023 met al die nodige inligting volg.
Ons hoop om soveel as moontlik van julle daar te sien.

## BOEKBESTELLINGS

Ons rig 'n ernsitge, dog vriendelike versoek aan ouers om alle boekbestellings teen 20 November af te handel. Om bestellings te plaas en vir inligting rakende boeklyste per graad, klik asseblief op die onderstaande skakel:




## Baie geluk aan die volgende personeellede wat as deel van die *BULLS UNIE VIR LAERSKOLE* gekies is:

| | | |
|---|---|---|
|  | **MNR RIAAN LANGEHOVEN** | **VOORSITTER** |
|  | **MNR MARCEL JANSEN VAN NIEUWENHUIZEN** | **SEKRETARIS** |
|  | **MNR ESJE ESTERHUIZE** | **ADDISIONELE LID: ONTWIKKELING** |




*SING IN MIDSTREAM* is terug en dis beter as ooit. Vanjaar sal daar tradisionele saamsing-kersliedere wees vir die hele gesin om te geniet. Sluit by ons aan vanaf 17:00 op 27 November by *Midstream Ridge Laerskool* vir 'n fees saam met die gemeenskap, Kersfees gesinsfoto's, pret vir kinders en verversings.

Bespreek jou kaartjies vanaf R50 by *Quicket*: https://www.quicket.co.za/events/155647-sing-in-midstream-2022/

Ons sal gedurende die aand twee R1000 SPAR-koopbewyse weggee.

Saam met *SPAR* bedryf ons vanjaar 'n *Charity Comfort Box*-inisiatief. Dit is baie eenvoudig - neem 'n etiket van die Kersboom by die ingang van enige van die SPAR-winkels en skandeer dit by die kassier. Jou geskenkboksie sal gepak en by die versamelhouer gevoeg word. Jou geskenkboksie sal eerstehandse-bystand wees vir kinders, vroue en mans wat slagoffers van geslagsgebaseerde geweld, verkragting en mensehandel was. Ons ondersteun vanjaar *The Epic Foundation* en *Yenzani Kinderhuis*.

# Rakker Atletiek-Sterre

*Midstream Ridge Laerskool* se atlete het weereens dié kwartaal 'n baie suksesolle byeenkoms gehad met hul eerste deelname aan die P4-atletiek wat volgende jaar met 'n P8-byeenkoms gekombineer gaan word.
Geluk aan al die atlete wat reeds in volgende jaar se ouderdomsgroep, ter voorbereiding vir die 2023-seisoen, deelgeneem het.
















# Nog Rakker-Sterre

## MUURBAL






















**BAIE GELUK AAN ONS MUURBALSPANNE WAT ONS NAAM HOOG GEHOU HET GEDURENDE DIE JAAR. ONS IS TROTS OP JUL PRESTASIES EN TOEWYDING IN 2022!**